

## Handelinge 10

### Handelinge 10:1-48

1 En daar was in Cesaréa 'n man met die naam van Cornelius, 'n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling. 2 Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee en was altyd deur in die gebed tot God.

3 Hy het duidelik in 'n gesig omtrent die negende uur van die dag 'n engel van God na hom sien inkom en vir hom sê: Cornelius!

4 En hy het die oë op hom gehou en vol vrees gesê: Wat is dit, my heer?

Toe antwoord hy hom: Jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom. 5 Stuur dan nou manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word. 6 Hy is tuis by 'n sekere Simon, 'n leerlooier, wie se huis by die see is. Hy sal jou sê wat jy moet doen.

7 En toe die engel wat met Cornelius gespreek het, weg was, roep hy twee van sy huisbediendes en 'n vroom soldaat van die wat altyd by hom was, 8 en vertel hulle alles en stuur hulle na Joppe.

9 En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid; 10 en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom: 11 hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word. 12 Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. 13 Toe kom daar 'n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet!

14 En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.

15 En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.

16 En dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is weer in die hemel opgeneem.

17 En terwyl Petrus by homself daaroor verleë was wat die gesig tog kon beteken wat hy gesien het, staan die manne wat deur Cornelius gestuur was, daar by die

poort en verneem na die huis van Simon. 18 En hulle roep en vra of Simon, wat ook Petrus genoem word, daar tuis is. 19 En terwyl Petrus nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: Daar is drie manne wat jou soek. 20 Staan dan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur.

21 En Petrus het afgeklim na die manne wat deur Cornelius na hom gestuur was, en gesê: Kyk, dit is ek wat julle soek. Wat is die rede waarom julle hier is?

22 En hulle sê: Cornelius, 'n hoofman oor honderd, 'n regverdige en godvresende man, wat 'n goeie naam het by die hele Joodse nasie, het 'n goddelike openbaring ontvang deur 'n heilige engel, om u te laat haal na sy huis om te hoor wat u sal sê.

23 En hy het hulle binnegenooi en geherberg.

En die volgende dag het Petrus saam met hulle afgereis, en enkele van die broeders uit Joppe het met hom saamgegaan. 24 Die dag daarop het hulle in Cesaréa aangekom. En Cornelius was hulle te wagte, en hy het alreeds sy familie en besondere vriende bymekaargeroep. 25 Toe Petrus dan binnekom, het Cornelius hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys. 26 Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar 'n mens.

27 En onderwyl hy met hom spreek, gaan hy binne en vind baie wat vergader het; 28 en hy sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie. 29 Daarom het ek, toe ek gehaal is, gekom sonder om teë te spreek. Ek vra dan om watter rede julle my laat haal het.

30 En Cornelius sê: Vier dae gelede was ek besig om te vas tot op hierdie uur, en die negende uur het ek in my huis gebid, 31 en meteens staan daar 'n man voor my in 'n blink kleed en sê: Cornelius, jou gebed is verhoor en jou aalmoese is voor God in herinnering gebring. 32 Stuur dan na Joppe en laat Simon haal wat ook Petrus genoem word. Hy vertoef in die huis van Simon, 'n leerlooier, by die see; as hy kom, sal hy met jou spreek. 33 Ek het toe op die daad na u gestuur, en u het goed gedoen om te kom. Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is.

34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, 35 maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is. 36 Dit is die woord wat Hy gestuur het aan

die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus – Hy is die Here van almal. 37 Julle weet van die saak wat deur die hele Judéa gebeur het en van Galiléa af begin het, ná die doop wat Johannes gepreek het, 38 met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

39 En ons is getuies van alles wat Hy gedoen het in die Joodse land en in Jerusalem. En hulle het Hom omgebring deur Hom aan 'n kruishout op te hang. 40 Hom het God op die derde dag opgewek en beskik dat Hy sou verskyn 41 nie aan die hele volk nie, maar aan getuies wat deur God vantevore verkies was, aan ons wat met Hom saam geëet en gedrink het nadat Hy uit die dode opgestaan het. 42 En Hy het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van lewende en dode. 43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.

44 En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. 45 En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. 46 Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: 47 Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?

48 En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here. Toe het hulle hom gevra om nog 'n paar dae te bly.

### **1. Handeling 10:1-8 – Cornelius se gesig**

**1 En daar was in Cesaréa 'n man met die naam van Cornelius, 'n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling. 2 Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God.**

**3 Hy het duidelik in 'n gesig omtrent die negende uur van die dag 'n engel van God na hom sien inkom en vir hom sê: Cornelius!**

**4 En hy het die oë op hom gehou en vol vrees gesê: Wat is dit, my heer?**

**Toe antwoord hy hom: Jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom. 5 Stuur dan nou manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word. 6 Hy is tuis by 'n sekere Simon, 'n leerlooier, wie se huis by die see is. Hy sal jou sê wat jy moet doen.**

**7 En toe die engel wat met Cornelius gespreek het, weg was, roep hy twee van sy huisbediendes en 'n vroom soldaat van die wat altyd by hom was, 8 en vertel hulle alles en stuur hulle na Joppe.**

### **1.1 Vrae by Handeling 10:1-8**

1. Wie was Cornelius gewees? (vers 1)

2. Watter verband het Cornelius met die God van Israel gehad? (vers 2)

Lukas stel **Cornelius** aan ons voor in sy militêre hoedanigheid. Cornelius is 'n *Centurion* – 'n hoofman oor honderd. Cornelius en sy kompanjie van honderd man was deel van die Italiaanse leërafdeling. So 'n leërafdeling het uit ses duisend soldate bestaan.

Cornelius was dus beslis nie iemand met wie 'n Jood vrywillig sou wou meng nie. Afgesien daarvan dat Cornelius 'n heiden is, is hy ook nog deel van die militêre vleuel van die die Jode se verdrukkers.

Lukas maak verder bekend dat Cornelius in Cesarea woonagtig was. Cesarea was verder noord van Joppe af en ook teen die kus geleë. Herodes die Grote het die stad nog Cesarea genoem te verering van keiser Augustus. Cesarea het die hoofsetel van die Romeinse goewerneur van Judea geword. Pontius Pilatus het ook hier gewoon. Cesarea was dus uit en uit 'n Romeinse stad met 'n militêre kleur. Dit is beslis 'n plek waar 'n Jood nie vrywillig sal wil wees nie, want die hele stad spreek van die oorheersing van die Romeine oor Israel.

Lukas stel Cornelius nie net in sy militêre hoedanigheid aan ons voor nie, maar meld ook van **sy verhouding met die lewende God**. Cornelius en sy hele huis – dit wil sê, sy huisgesin sowel as elke slaaf in sy huis – was vroom en godvresend. Dit is

die eerste en enigste keer wat Lukas van iemand praat as godvresend. Onder godvresend word daar verstaan dat Cornelius ontsag vir die God van die Jode het, maar hy het homself nie voluit met die Joodse geloof verbind nie. Dit wil sê, Cornelius het nie die proseliete doop of die besnydenis ondergaan nie. Die Jode het sulke godvresende mense gunstig bejeen, maar sou nie saam met hulle eet of in hulle huise ingaan nie.

Cornelius het dus in 'n sekere sin in God geglo en hy was opreg in sy verhouding tot die Here. Hy het soveel ontsag vir God dat dit ook in sy verhouding met die volk – dit wil sê, die Jode – duidelik geword het. Hy het baie aalmoese aan die Jode gegee. Cornelius se houding teenoor die mense oor wie hy sy militêre gesag uitoefen was dus duidelik anders as die van ander offisiere in Cesarea. Afgesien daarvan dat hy aan die Jode goed gedoen het, het Cornelius ook altyddeur tot God gebid. Cornelius het duidelik 'n besondere verhouding met God gehad en hy het hierdie verhouding self en in sy gesin uitgeleef.

3. Waarom skryf Lukas dat Cornelius op die negende uur die gesig gesien het? (vers 3)
4. Hoe reageer Cornelius op die gesig van die engel? (vers 4)
5. Wat maak die engel aan Cornelius bekend? (vers 4-6)
6. Wat is opmerklik aangaande die huisbediendes en die soldaat? (vers 7-8)

Die **negende uur** is gewoonlik die tyd van gebed vir die Jode. Ons het Petrus en Johannes aangetref op pad na die tempel op hierdie uur in Handeling 3. Dit word dus duidelik dat Cornelius inderdaad die gebruike van die Jode aangeleer het om op sekere tye van die dag te bid. Lukas noem nie uitdruklik hier dat Cornelius gebid het nie, maar wanneer Cornelius aan Petrus verhaal wat gebeur het, sê hy dat hy besig was om te bid toe daar 'n man in blink klere aan hom verskyn het (Hand 10:30-31).

Op die negende uur het Cornelius in 'n gesig 'n engel van God gesien. Vir Cornelius was dit so duidelik dat hierdie man wat in die gesig aan hom verskyn bo aards is, want hy kon duidelik beskryf hoe sy klere gelyk het. Dat dit 'n engel van God is, het

Cornelius afgelei uit die gesig en die woorde wat die man tot hom gespreek het.

Cornelius het **met ontsag gereageer** op die gesig wat hy gesien het. In die eerste plek het die voorkoms van die engel Cornelius oortuig dat dit nie 'n gewone mens is wat aan hom verskyn nie. In die tweede plek hoor hy hoe hierdie man hom op sy naam aanspreek.

In Romeine 3 openbaar die Heilige Gees dat geen mens na God soek nie (Rom 3:11). Eers wanneer God 'n mens na Hom toe aantrek, begin so 'n mens deur die werking van die Heilige Gees ook die Here soek. Dit is wat die Here nou al duideliker met Cornelius doen. Hy roep hom op sy naam na Hom toe.

Vol ontsag vir die engel van God wat aan hom verskyn het Cornelius die engel aangespreek as *my heer*. Cornelius is dus bewus dat die engel met gesag bekleed is en dit is die moeite werd om te luister wat hy vir hom gaan sê.

Die engel het **twee dinge** aan Cornelius bekend gemaak. In die eerste plek het hy hom verseker dat sy aalmoese en gebede nie ongesiens en onverhoord gegaan het nie. Die Here het opgemerk wat hy doen. Cornelius het werklik sy verhouding met die lewende God uitgeleef teenoor ander mense. Die Here het sy gebede ook gehoor en Hy verhoor nou sy gebed deur die opdrag wat hy van die engel ontvang. Waarskynlik het Cornelius tot die Here gebid om beter begrip en groter kennis van Hom. Hy sou beslis gebid het om vergifnis van sondes.

In die tweede plek het die engel aan Cornelius gesê wat hy moet doen. Hy moet mense na Joppe stuur om vir Simon wat ook Petrus genoem word te laat haal. Die adres waar Simon Petrus gevind kan word, word ook in detail gegee. Petrus sal aan Cornelius verder sê wat hy moet doen. Die engel verkondig nie die evangelie aan Cornelius nie. Die engel se opdrag is om aan Cornelius bekend te maak wie aan hom die evangelie kan verkondig.

Die mense wat Cornelius gestuur het, is mense **wat deur Cornelius se verhouding**

**met God beïnvloed is.** Die twee huisbediendes is deel van Cornelius se huis van wie ons in vers 2 al gehoor het. Hulle was ook vroom en godvresend. Dit wil sê hulle het ook ontsag vir God al gehad alhoewel hulle nog nie van Christus en sy verlossingswerk iets weet nie.

Maar dit is nie net die mense wat in sy huis met hom saamleef wat deur sy verhouding met God beïnvloed is nie. Ook die soldate wat saam met Cornelius gewerk het, is deur sy verhouding met God beïnvloed. Die soldaat wat saam met Cornelius was, was ook vroom en godvresend. Cornelius se verhouding met God was dus nie maar 'n privaat saak nie. Hy het dit voluit in sy huis en in sy werk uitgeleef sodat ander mense dit kon raaksien.

## **2. Handeling 10:9-23 – Petrus word voorberei om Cornelius te bedien**

### **2.1 Handeling 10:9-16 – Petrus sien 'n gesig**

**9 En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid; 10 en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar 'n verrukking van sinne oor hom gekom: 11 hy sien die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word. 12 Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. 13 Toe kom daar 'n stem na hom: **Staan op, Petrus, slag en eet!** 14 En Petrus sê: **Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.****

**15 En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: **Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.****

**16 En dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is weer in die hemel opgeneem.**

#### **2.1.1 Vrae by Handeling 10:9-16**

1. Wie was die volgende dag op pad na die stad toe, toe Petrus op die dak geklim het? (vers 9)
--

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>2. Watter tye van die dag het die Jode gewoonlik gebid? (vers 9)</li><li>3. Wat het met Petrus op die dak gebeur? (vers 10)</li></ol> |
|---|

Die volgende dag verwys na die dag nadat Cornelius die engel in 'n gesig gesien het en op sy woord vir Petrus laat haal het in Joppe. Dit is nou **hierdie twee huisbediendes van Cornelius en die vroom soldaat** wat naby die stad Joppe was teen omtrent twaalf uur die middag.

Soos in die gebeure met Filippus en die hofdienaar van Ethiopië sien ons ook hier hoe die Here in sy werking met fyn presisie te werk gaan. Die drie mense van Cornelius af kom omtrent teen twaalf uur naby Joppe. Dit is die tyd wanneer daar voorbereidings gemaak word vir die middagete. Die Here wil dat Petrus die evangelie aan Corneliuus moet verkondig. Alhoewel Petrus as Christen Jood heelwat van sy Joodse vooroordele afgesterf het – hy gaan tuis in die huis van 'n leerlooier – is Petrus nog nie gereed om sommer aan 'n heiden die evangelie te bring nie. Dit was alreeds vir die apostels 'n kwessie toe hulle verneem het dat Samaritane die Woord van God aangeneem het (Hand 8:14-25). Hoeveel moeiliker sal dit vir hulle wees as hulle moet verneem dat 'n Romeinse offisier en sy huisgesin die Woord van God aangeneem het.

Normaalweg was daar **twee gebedstye** vir die Jode by die tempel – nege uur die oggend en drie uur die middag. 'n Gelowige Jood het dus normaalweg twee keer op 'n dag hom afgesonder om te bid. Tog weet ons ook van Jode wat hulle verhouding met die Here baie ernstig opgeneem het en selfs drie keer per dag hulleself afgesonder het om te bid (Dan 6:10; Ps 55:18).

Petrus het erns gemaak met sy verhouding met die Here. Daar het in die tyd wat hy in Lidda en Joppe was baie gebeur – Eneas is genees en Tabita is uit die dood opgewek en baie mense het tot geloof gekom in Jesus Christus. Petrus het op die dak geklim teen twaalf uur om alleen met die Here te kan wees in gebed.

Terwyl Petrus op die dak geklim het, was die huismense besig om die maaltyd voor

te berei. Die geur van die kos wat voorberei word, het Petrus se honger teen daardie tyd van die dag net vergroot – hy het baie honger geword. Die Here gebruik juis hierdie hongerte wat Hy oor Petrus beskik het saam met die gesig wat Hy vir hom gaan wys om vir Petrus gereed te maak vir sy taak in Cesarea. **Die Here het Petrus se gedagtes uit die werklikheid uit geruk en aan hom die gesig getoon.**

4. Wat het Petrus in die gesig gesien? (vers 11-12)
5. Wat het Petrus in die gesig gehoor? (vers 13)
6. Hoe reageer Petrus op die bevel wat hy in die gesig kry? (vers 14)
7. Wat is die Here se antwoord op Petrus se onwilligheid? (vers 15)
8. Hoekom het Petrus drie maal dieselfde gesien en gehoor? (vers 16)

Petrus het **drie dinge gesien**. Hy het die hemel geopend gesien. Petrus sien iets soortgelyk aan wat Stefanus gesien het toe hy voor die Joodse Raad verskyn het (Hand 7:56). In sy verrukking van sinne sien Petrus 'n opening in die hemel. Uit hierdie opening verskyn daar 'n voorwerp soos 'n groot laken wat afdaal wat aan sy vier hoeke vasgebind is. In die gesig sien Petrus hoe die voorwerp soos 'n groot laken neerdaal op die aarde. En binne in hierdie laken is daar allerhande soorte diere en voëls. In hierdie gesig vererger die Here Petrus se hongerte.

Terwyl Petrus die voorwerp soos 'n groot lakens sien neerdaal uit die hemel met al die verskillende diere en voëls daarin, kom daar 'n **opdrag** tot Petrus. Hy moet opstaan en die diere slag en daarvan eet. Lukas maak dit nie duidelik wie se stem tot Petrus gekom het nie – die Vader of die Here Jesus se stem nie. Petrus het immers albei die stemme al gehoor, dus sou hy beslis geweet het dit is die Here wat met hom praat.

Die Here vererger nie net Petrus se hongerte met hierdie gesig nie, Hy beveel hom ook om van die diere te slag en te eet. Petrus was verleë omdat hy aanvanklik nie die gesig verstaan het nie (Hand 10:17). Dit is moontlik dat Petrus hierdie gesig as 'n soort van 'n toets verstaan het. Dit kan 'n mens uit sy reaksie aflei.

Petrus se reaksie op die bevel kom dadelik en duidelik – **Nooit nie, Here**. Petrus kon dit al regkry om 'n paar Joodse gewoontes af te sterf, maar wanneer dit by dit wat geëet mag word kom, staan hy nog vas by dit wat hy van kleins af geleer het. Dit is dan ook die rede wat Petrus aanvoer hoekom hy nee sê vir die Here. Daar is diere wat die Here aan Israel van ouds gesê het is onrein en daarvan mag hulle nie eet nie (Lev 11). Petrus kan dit nie regkry om ook hierdie bevel van die Here uit die Ou Testament ter syde te stel nie.

Hierdie optrede van Petrus is aan die een kant onverstaanbaar. Jesus het by geleentheid gesê dat dit nie is wat ingaan wat 'n mens onrein maak nie, maar dit wat uit 'n mens uitgaan (Mark 7:14-23). Maar dan weet ons ook dat Petrus ook die geneigdheid gehad het om vir die Here nee te sê (Matt 16:22; Joh 13:8). Dus is hierdie nee van Petrus tog nog in lyn met sy ou natuur. Petrus is nog Petrus. Die Here moet hom nog verander van binne af, sodat hy die werk in Cesarea kan gaan doen waarvoor die Here hom wil gebruik.

Op Petrus se negatiewe antwoord kom die stem van die Here vir 'n tweede maal tot Petrus. **Wat deur God rein gemaak is, mag nie deur 'n mens onheilig geag word nie**. Wat vir die Here gepas en reg is, mag nie deur die mens onvanpas en verkeerd geag word nie. Petrus is nog geheel en al onbewus wat die Here in sy lewe gaan beskik – hy weet nog niks van Cornelius die Romein nie of iets van die mense wat op pad is om hom te kom haal nie. Maar so moeilik as wat dit vir Petrus is om sommer enige dier te slag en te eet, so moeilik is dit vir hom om as Jood dit reg te kry om sommer in die huis van 'n heiden in te gaan wat nog te sê die evangelie aan so 'n mens te bring. Soos wat Petrus met die gesig uit die werklikheid uitgeruk is, so sal hy ook nog uit sy Joodse gebruike aangaande heidene uitgeruk word.

Die gebeure in die gesig het drie maal met Petrus gebeur. **Die Here wil hê dat Petrus die boodskap baie goed sal verstaan**. Petrus het immers al 'n ervaring gehad waarin die Here drie maal vir hom dieselfde vraag gevra het (Joh 21:15-19). Hy weet dus baie goed dat die Here iets baie duidelik aan hom wil oordra wat hy nie moet vergeet nie. Dit is hierdie onvermoë van Petrus om die boodskap uit die gesig

te kry, wat hom so verleë gemaak het.

## **2.2 Handeling 10:17-23 – Petrus ontmoet die mense van Cornelius**

**17** En terwyl Petrus by homself daaroor verleë was wat die gesig tog kon beteken wat hy gesien het, staan die manne wat deur Cornelius gestuur was, daar by die poort en verneem na die huis van Simon. **18** En hulle roep en vra of Simon, wat ook Petrus genoem word, daar tuis is. **19** En terwyl Petrus nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: Daar is drie manne wat jou soek. **20** Staan dan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur.

**21** En Petrus het afgeklim na die manne wat deur Cornelius na hom gestuur was, en gesê: Kyk, dit is ek wat julle soek. Wat is die rede waarom julle hier is?

**22** En hulle sê: Cornelius, 'n hoofman oor honderd, 'n regverdige en godvresende man, wat 'n goeie naam het by die hele Joodse nasie, het 'n goddelike openbaring ontvang deur 'n heilige engel, om u te laat haal na sy huis om te hoor wat u sal sê.

**23** En hy het hulle binnegehoi en geherberg.

### **2.2.1 Vrae by Handeling 10:17-23**

1. Wat is opmerklik aangaande God se werk met Petrus in hierdie omstandigheid? (vers 17-18)
2. Waarom het die Gees aan Petrus gesê dat daar mense is wat na hom soek? (vers 19)
3. Waarom gee die Gees aan Petrus hierdie opdrag? (vers 20)
4. Waarom sê die Gees dat Hy die mense gestuur het? (vers 20)

In die evangelie leer ons Petrus ken as die apostel wat baie maal eers doen en praat voordat hy dink. Hier tref ons nou vir Petrus aan op die dak van Simon se huis en hy wonder verleë wat die gesig tog kan beteken. Hy is so uit die veld geslaan deur die gesig en kan glad nie verstaan wat die Here daarmee aan hom wil oordra nie. Tog weet hy dat dit 'n belangrike boodskap is, want die Here het hom dit drie maal laat

sien en hoor.

**Die Here gee egter nie vir Petrus geleentheid of 'n leidraad wat die gesig kon beteken nie.** Terwyl Petrus nog deurmekaar is oor die betekenis van die gesig, het die Here dit beskik dat die drie manne van Cornelius se huis daar aankom en na Petrus verneem. Die Here sal die betekenis van die gesig met die verloop van die gebeure nou aan Petrus duidelik maak.

Petrus was so in sy gedagtes vasgevang omdat hy nog gewonder het oor wat die gesig kan beteken **dat hy nie gehoor het dat daar mense is wat na hom soek nie.** Daarom het die Heilige Gees aan Petrus gesê dat daar drie manne is wat na hom soek. Nou moet ons oplet dat die Gees nie aan Petrus sê watter drie manne dit is nie. Petrus weet nog nie dat die drie manne wat na hom soek van heidense afkoms is nie.

Voordat Petrus kon sien en weet wie dit is wat na hom soek, gee die Heilige Gees reeds vir hom sy opdrag. Hy moet hier van die dak af opstaan en afklim en dan saam met hulle gaan sonder om te twyfel. **Petrus moet geensins die gevolge van wat gaan gebeur opweeg nie.** Hy moet nou net doen, soos wat dit sy geaardheid is. Maar hier is nou 'n verskil – hy moet bloot doen terwyl hy die ondersteuning en bevel van die Here self het.

In die bekendmaking van die gesig aan Petrus doen die Here dit anders as in die gesig. In die gesig het Petrus eers al die verskillende diere gesien en toe het hy die opdrag gekry om te slag en te eet. In die bekendmaking van die gesig gee die Here eers die opdrag aan Petrus voordat hy nog kan sien wie die manne is wat na hom soek. Die woorde *sonder om te twyfel* sou Petrus kon laat dink het dat daar iets anders aan die manne kon wees as waaraan hy gewoond is of hy normaalweg sou verwag.

As Petrus kon begin dink het dat daar miskien iets vreemds aan die manne sou wees wat hom daarvan sou weerhou om met hulle saam te gaan, sê die Gees dat

Hy hierdie manne gestuur het. Met daardie woorde **beklemtoon die Here nog 'n keer dat Petrus nou net moet doen wat hy beveel word en nie dink oor wat kan gebeur nie**. Nog steeds laat die Here nie blyk wie die manne is wat na Petrus soek nie. Maar die opdrag het hy helder en duidelik gehoor. Tot hier toe sou 'n mens in gespanne afwagting kon vra: Sal Petrus weer nee sê vir die Here soos wat hy gedoen het in die gesig of het hy die betekenis van die gesig begin verstaan?

5. Wat sou die eerste ding wees wat Petrus opgemerk het toe hy die drie manne ontmoet? (vers 21)
6. Waarom vra Petrus die waarom die manne na hom toe gekom het? (vers 21)
7. Wat maak die drie manne aangaande Cornelius aan Petrus bekend? (vers 22)
8. Wat is besonders aan Petrus se optrede? (vers 23)

Petrus het, soos wat die Gees aan hom gesê het, van die dak afgeklim om die drie manne wat deur die Gees gestuur is te ontmoet. Na alle waarskynlikheid is die trappe van die dak af aan die buite kant van die huis. Dus sou Petrus die drie manne nog buitekant die huis ontmoet het. **Die eerste wat hy sou opgemerk het, was dat die drie manne nie Jode was nie**. Boonop is een van die drie manne 'n Romeinse soldaat in sy uniform. Duidelik het Petrus met drie manne van heidense afkoms te doen. Vir Petrus sou hulle in hierdie stadium nog heidene gewees het, want hy het nog nie met iemand buiten Jode en Samaritane te doen gehad nie wat die lewende God en Jesus Christus gedien het.

Of Petrus al in hierdie stadium begrip vir die gesig begin kry het, is nie heeltemal duidelik nie. Maar die woorde van die Gees – *gaan saam met hulle sonder om te twyfel* – sou nou vir hom verstaanbaar geword het. 'n Jood se eerste reaksie sou wees om weg te bly van heidene af.

Die Heilige Gees het net na die gesig aan Petrus vir hom gesê dat daar drie manne is wat na hom soek. Toe het die Gees net gesê dat Petrus moet afklim en saam met hulle gaan sonder om te twyfel, want die Gees het hulle na Petrus gestuur. Die Heilige Gees het egter nie vir Petrus gesê waarom hy saam met die drie manne

moet gaan nie. **Daarom vra hy hulle waarom hulle na hom toe gekom het.**

Petrus soek nie by die manne bevestiging van wat die Heilige Gees aan hom gesê het nie. Hy glo die Heilige Gees het die manne inderdaad na hom toe gestuur. Hy wil nou slegs weet waarom hulle na hom toe gestuur is.

In vers 1 en 2 het Lukas ons aan Cornelius bekend gestel. In antwoord op Petrus se vraag aan hulle, **sê die drie manne presies dieselfde oor Cornelius as wat Lukas reeds vir ons gesê het.** Cornelius is 'n offisier in die Romeinse weermag. Hy is godvresend soos wat Lukas ook gesê het. Hierdie drie manne noem Cornelius ook 'n regverdige man. Dit wil nog nie sê dat Cornelius se verhouding met die lewende God heeltemal reg is nie, want hy ken en glo nog nie in Jesus Christus nie. Dat hy 'n regverdige man genoem word, is 'n afleiding wat gemaak word op grond van die aalmoese wat hy gee en sy optrede teenoor die Joodse volk. Dit is soos wat mense vandag ook op grond van mense se optrede sê dat hulle goeie mense is.

Dan vertel die manne wat met Cornelius gebeur het en veroorsaak het dat hulle drie nou voor Petrus staan. Cornelius het 'n goddelike openbaring gehad deur 'n heilige engel wat aan hom verskyn het. In hierdie woorde hoor Petrus presies dit wat die Gees aan hom gesê het – die Heilige Gees het hierdie manne gestuur. Petrus moet saam met hulle gaan, want hy het iets wat hy aan Cornelius moet vertel. Nou eers word dit vir Petrus duidelik dat hy die evangelie aan Cornelius moet gaan verkondig. Aan Jode en Samaritane het hy die evangelie al verkondig, maar nog nooit aan heidene nie. Algaande word die gesig wat Petrus gesien het vir hom verstaanbaar.

Dat Petrus begrip gekry het vir dit wat die Here deur die gesig drie maal aan hom gesê het, word duidelik in Petrus se optrede. Hy het die drie manne in die huis ingenooi en hulle geherberg. Petrus het gedoen wat 'n Jood nie normaalweg sal doen nie – hy nooi heidene onder die dieselfde dak as hy in. Hy doen dit nie saaklik nie, maar vriendelik, want hy herberg hulle. **Hy ontvang mense van heidense afkoms as gaste en bedien hulle.** In Petrus se Joodse hart het daar 'n radikale verandering ingetree – hy sê nie nee vir die Here soos wat hy in die gesig gedoen

het nie.

### **3. Handeling 10:23-33 – Petrus se ontmoeting met Cornelius**

En die volgende dag het Petrus saam met hulle afgereis, en enkele van die broeders uit Joppe het met hom saamgegaan. 24 Die dag daarop het hulle in Cesaréa aangekom. En Cornelius was hulle te wagte, en hy het alreeds sy familie en besondere vriende bymekaargeroep. 25 Toe Petrus dan binnekom, het Cornelius hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys. 26 Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar 'n mens.

27 En onderwyl hy met hom spreek, gaan hy binne en vind baie wat vergader het; 28 en hy sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie. 29 Daarom het ek, toe ek gehaal is, gekom sonder om teë te spreek. Ek vra dan om watter rede julle my laat haal het.

30 En Cornelius sê: Vier dae gelede was ek besig om te vas tot op hierdie uur, en die negende uur het ek in my huis gebid, 31 en meteens staan daar 'n man voor my in 'n blink kleed en sê: Cornelius, jou gebed is verhoor en jou aalmoese is voor God in herinnering gebring. 32 Stuur dan na Joppe en laat Simon haal wat ook Petrus genoem word. Hy vertoef in die huis van Simon, 'n leerlooier, by die see; as hy kom, sal hy met jou spreek. 33 Ek het toe op die daad na u gestuur, en u het goed gedoen om te kom. Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is.

#### **3.1 Vrae by Handeling 10:23-33**

1. Waarom het Petrus broeders uit Joppe met hom saamgeneem? (vers 23)
2. Wat maak Lukas aangaande Cornelius bekend in die tweede deel van vers 24?
3. Waarom het Cornelius aan Petrus se voete neergeval? (vers 25)
4. Hoe het Petrus Cornelius se buiging voor hom verstaan? (vers 26)

Petrus het die drie mense van Cornelius tot die volgende dag as gaste onthaal. Hulle het eers die volgende dag na Cesarea vertrek. Maar Petrus het nie alleen saam met die soldaat en twee huisbediendes gegaan nie. Petrus het enkele van die broeders uit Joppe met hom saamgeneem. Later wanneer Petrus aan die ander apostels verantwoording gee van die gebeure in Cesarea sê hy dat hy ses broeders uit Joppe met hom saamgeneem het (Hand 11:12).

Petrus het sekerlik algaande bewus geword hoekom die Heilige Gees hierdie drie mense na hom toe gestuur het – hy moet die evangelie van Jesus Christus aan die Romeinse offisier gaan verkondig. Dit is die eerste keer dat daar amptelik aan heidene die evangelie verkondig word. Toe dit in Jerusalem bekend geword het dat die Samaritane die Woord van God aangeneem het, is Petrus en Johannes deur die apostels afgevaardig na Samaria toe (Hand 8:14). In Jerusalem en onder die Christene moes daar geen twyfel wees oor die egtheid van die Samaritane se bekering tot Jesus Christus nie.

As apostel het Petrus geweet dat daar ook sekerlik navraag sal kom oor sy besoek aan Cornelius en sy huisgesin. Daarom het hy ses broeders uit Joppe met hom saamgeneem. **Die getuienis oor wat die Here ook onder die heidene doen, moet vasstaan onder al die Christene en veral onder die apostels wat deur die Here aangestel is om die evangelie uit te dra.**

Cornelius was oortuig dat die Here deur sy engel hom die opdrag gegee het om vir Petrus te laat haal. Daar is geen aanduiding uit die teks of Cornelius geweet het wie Petrus was nie. Al wat hy geweet het is dat Petrus vir hom sal sê wat hy moet doen. By Cornelius was daar geen twyfel dat Petrus wel sou kom nie. **Die Heilige Gees het Cornelius oortuig dat die Here hom nie in die steek sal laat nie.** Daarom het hy alles gereed gekry in afwagting vir die koms van Petrus.

Maar dit gaan nie net oor wat Petrus vir hom alleen wil sê nie. Die boodskap wat Petrus gaan bring is so belangrik dat Cornelius reeds sy familie en besondere vriende bymekaargeroep het vir die aankoms en boodskap van Petrus. Cornelius

was oortuig dat die boodskap van Petrus vir almal van belang is en hy wil soveel as moontlik mense dit laat hoor.

Vir Cornelius was die koms van Petrus 'n groot gebeurtenis – 'n engel van God het hom immers beveel om Petrus te laat haal. In Cornelius se oë is Petrus iemand baie belangrik – 'n man van God – alhoewel hy hom nog nie ken nie. **Omdat Petrus so belangrik in sy oë is**, het hy voor Petrus neergebuig en aan hom hulde bewys.

Petrus het dadelik besef wat Cornelius besig is om te doen. **Hy dra die eer wat aan God en Jesus Christus alleen toekom oor op die Here se apostel.** Dit mag egter nie gebeur nie, want Petrus is net 'n mens soos Cornelius. In hierdie omstandigheid is Petrus net 'n dienskneg van Jesus Christus wat 'n opdrag van die Here in Cornelius se huis moet kom uitvoer. Daarom het Petrus dadelik vir Cornelius reggehelp. Daar moenie verkeerde idees posvat waar die Woord van God in waarheid verkondig moet word nie.

5. Wat is die betekenis van Petrus se ingaan in Cornelius se huis en die woorde wat hy tot die wat daar vergader is gespreek het? (vers 27-29)

As 'n opregte Jood sou Petrus nie met heidene omgegaan het nie, wat nog te sê in hulle huis ingegaan het. 'n Mens kan maar net weer Petrus se reaksie onthou toe die Here vir hom gesê het om van die diere te slag en te eet wat hy in die gesig gesien het. Dit is juis as gevolg van die heidene se kos wat hulle eet en die wyse waarop hulle die kos voorberei het, wat gemaak het dat Jode liefds die heidene vermy het, sodat hulle nie ritueel onrein sou word nie. Petrus het nou beslis die betekenis van die gesig wat die Here in Joppe aan hom getoon het verstaan. Dit gaan eintlik nie oor onrein en rein kos nie, maar oor mense. As daar dan nie meer beperkings is vir wat geëet mag word nie, dan het die grense tussen Jode en heidene mos ook verdwyn.

Wanneer Petrus dan in Cornelius se huis ingaan, **bely hy openlik wat die Here aan hom geopenbaar het en dat die Here hom in sy hart verander het.** Wanneer

Petrus dan in die huis kom en al die heidene daar vergader sien, doen hy ook mondelings belydenis van wat die Here in hom laat gebeur het.

Hy sê eers hoe hy vroeër was – hy sou beslis nie na Cornelius se huis gekom het nie, want as Jood mag hy nie omgang met hê met iemand van 'n ander volk nie. Dan sê hy wat die Here aan hom gedoen het. God het aan hom getoon dat hy geen mens as onrein en onheilig mag beskou nie. Alle mense is na die beeld van God geskape en moet dienooreenkomstig behandel word. Alle mense is in wese verlore en moet die evangelie van verlossing deur Jesus Christus hoor. Geen mens kan op sy eie verlossing kry nie. Almal wat gered wil wees, moet in Jesus Christus glo.

Nadat Petrus gesê het wat God met hom gedoen het, sê hy wat die resultaat van God se werk in hom is. Hy het na Cornelius se huis gekom, sonder om teë te praat – soos die Here hom ook beveel het. Petrus is deur die Here voorberei vir die ontmoeting met Cornelius en sy huis, soos wat Cornelius ook die deur die Here voorberei is vir die koms van Petrus. Alhoewel Petrus by die drie manne reeds gehoor het waarom hy na Cornelius se huis gehaal is, vra hy weer by Cornelius waarom hy moes kom. In die antwoord van Cornelius kry Petrus bevestiging vir die werk wat hy moes kom doen.

6. Wat kon Petrus aflei uit die antwoord wat Cornelius gee op sy vraag? (vers 30-33)
--

Almal wat saam vergader was in Cornelius se huis het met groot verwagting daar gesit. Petrus het gevra waarom hulle hom laat haal het. Cornelius as hoof van die huis en die een wat die openbaring gehad het, antwoord die vraag. Hy vertel dit soos wat dit gebeur het en deur Lukas berig is (vgl. Hand 10:4-6).

Cornelius was ernstig in gebed, want hy het gevas sowel as gebed. Om te sê waaroor Cornelius so ernstig gebed het, sal net 'n geraai wees. Hy het moontlik gebed om die Here nog beter te leer ken na aanleiding van die opdrag wat hy van die Here in die openbaring ontvang het. Terwyl hy bid het daar 'n engel van God aan

hom verskyn. Die engel het soos 'n man gelyk met blink klere aan.

Die engel het aan Cornelius bekend gemaak dat God sy gebede gehoor en sy aalmoese gesien het. Alhoewel Cornelius nie 'n wedergebore mens is nie, het die Here tog sy gebede verhoor en sy goeie werke was nie verniet nie. Hier gebeur blykbaar waarvan die Here al in Maleagi se tyd gepraat het – ander nasies eer die Here met rein offers (Mal 1:11). Dan vertel Cornelius van die uitdruklike opdrag om vir Simon wat ook Petrus genoem word te laat haal. Die presiese plek waar Petrus is, is ook aan Cornelius bekend gemaak. Petrus hoor nou in meer detail hoe die Here dit beskik het dat die Cornelius hom laat haal het.

Petrus hoor ook dat daar by Cornelius geen huiwering was nie. Hy het dadelik manne gestuur om Petrus te laat haal. Miskien het Petrus hierin ook 'n vermanende woord van die Here gehoor. Hy wat Petrus is, was aanvanklik huiwerig om die Here te gehoorsaam toe hy die gesig gesien het. Cornelius wat nog nie eers vir Jesus ken nie, het sonder huiwering die Here se opdrag gehoorsaam.

En toe Cornelius ook nog sê dat Petrus goed gedoen het om te kom, **het hy geweet dat die Here hierdie ontmoeting bewerkstellig het.** Die Here het nie net vir Petrus voorberei nie. Hy het ook vir Cornelius en almal wat daar bymekaar is voorberei om die evangelie van Jesus Christus te hoor. Petrus hoor dan ook hoe gereed en gretig hulle is om van Jesus te hoor in die laaste sin wat Cornelius sê: **Ons is dan nou almal voor die aangesig van God aanwesig om alles te hoor wat deur God aan u opgedra is.**

#### **4. Handeling 10:34-43 – Petrus verkondig die evangelie aan Cornelius**

**34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, 35 maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is. 36 Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Jesus Christus – Hy is die Here van almal. 37 Julle weet van die saak wat deur die hele Judéa gebeur het en van Galiléa af begin het, ná**

die doop wat Johannes gepreek het, 38 met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

39 En ons is getuies van alles wat Hy gedoen het in die Joodse land en in Jerusalem. En hulle het Hom omgebring deur Hom aan 'n kruishout op te hang. 40 Hom het God op die derde dag opgewek en beskik dat Hy sou verskyn 41 nie aan die hele volk nie, maar aan getuies wat deur God vantevore verkies was, aan ons wat met Hom saam geëet en gedrink het nadat Hy uit die dode opgestaan het. 42 En Hy het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van lewende en dode. 43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.

#### 4.1 Vrae by Handeling 10:34-43

1. Wat bedoel Petrus met die begin van sy verkondiging? (vers 34-35)
2. Wat is die eerste ding wat Petrus aangaande Jesus Christus bekend maak? (vers 36)
3. Waarom begin Petrus in hierdie verkondiging met die doop van Jesus? (vers 37-38)
4. Watter werk van Jesus beklemtoon Petrus in sy verkondiging? (vers 38)

Wat Petrus vroeër bely het (Hand 10:28-29) neem hy op in die verkondiging van die evangelie aan die heidene. God is nie ten gunste van net een volk bo alle ander volke nie. Intendeel, **God is geheel en al onpartydig teenoor mense** (Deut 10:17; 2 Kron 19:7; Job 34:19; Amos 9:7). Daarmee word bedoel dat niemand se afkoms of volksgroep hom 'n beter voordeel bo ander by God gee nie. Uit elke nasie kan daar iemand wees wat so deur die Heilige Gees gelei word dat hy ontsag vir God het en om daardie rede dan ook dinge doen wat reg is in God se oë. So het die Heilige Gees dit met Cornelius gedoen. Niemand sal op grond van herkoms of status uitgesluit word deur die Here nie.

Dit wil nog nie sê dat iemand wat God vrees en geregtigheid doen nie vir Christus nodig het nie. Die vrees vir God en die geregtigheid wat Cornelius gedoen het, was nie die aanvang van die Heilige Gees se werk met Cornelius. Vir die verdere werk wat die Heilige Gees in Cornelius wil doen, wil Hy die evangelie gebruik, daarom het Hy vir Petrus na Cornelius laat kom.

Die woord wat aan Cornelius hulle nou verkondig word, is die woord wat God ook aan die kinders van Israel gestuur het. Dit wil sê, die woord wat verkondig word, het sy oorsprong nie by mense nie maar by God – Hy het die woord gestuur. Dit is die evangelie van vrede wat Jesus Christus verkondig het. Met ander woorde, die evangelie wat Jesus Christus verkondig het vrede as resultaat. Hierdie vrede hou verband met die werk wat Jesus Christus as Verlosser verrig het – die resultaat van sy verlossingswerk is vrede tussen God en mense. Maar die groot saak wat Petrus aangaande Jesus bekend maak, is dat **Hy Here is van almal**.

Dit sluit aan by die inleiding van die verkondiging aangaande God se onpartydigheid. Jesus Christus is Here van die kinders van Israel wat die voorreg gehad het om die evangelie van vrede eerste te hoor. Maar Hy is ook Here van die Romeine en Grieke en enige ander nasie onder die son.

Die vorige twee kere wat Petrus verkondig het (Hand 2:14-36; 3:11-26) het hy aan Jode die evangelie verkondig. Vir die Jode was die doop van Jesus deur Johannes bekend. Maar by die Jode was dit nie nodig om oor die begin jare van Jesus se openbare optrede te vertel nie. Dit was vir hulle nodig om te hoor wat hulle aan Jesus gedoen het en hoe dit in pas by God se raadsplan van verlossing.

**Nou verkondig Petrus aan mense van heidense afkoms** wat nie noodwendig bekend is met Jesus se lewe voor die kruisiging nie. Daarom herinner hy hulle aan dit wat hulle moontlik gehoor het wat in Judea gebeur het maar in Galilea begin het. Jesus van Nasaret mag vir baie mense maar net soos nog 'n mens gelyk het, maar God het Hom met die Heilige Gees en krag gesalf. Jesus is nie maar net 'n Jood wat deur Pontius Pilatus tereggestel is nie.

Die werk uit Jesus se vroeëre openbare optrede waarop Petrus klem lê, is **die genesing van die mense wat onder die mag van die duiwel was**. Elke mens wat homself nie voluit aan die gesag van God onderwerp nie en wie nog nie van God vergifnis van sondes ontvang het nie, is nog onder die mag van die duiwel. Jesus Christus het juis gekom om mense van die mag van die duiwel en die sonde wat hulle in die mag van die duiwel hou te verlos.

5. Waarom sê Petrus dat hy en die ander getuies is van Jesus se optrede? (vers 39)
6. Watter kontras maak Petrus deur te sê wat Jesus gedoen het en wat die mense aan Hom gedoen het? (vers 39)
7. Watter kontras maak Petrus deur te sê wat mense Jesus aangedoen het en wat God gedoen het? (vers 40)

In die vorige twee verkondigings van Petrus (Hand 2:14-36 en 3:11-26) het hy ook gesê dat die gelowiges en in besonder die apostels getuies is. Aan die Jode het hy verkondig dat hulle getuies is van Jesus opstanding. Aan Cornelius sê hy dat hulle getuies is van alles wat Jesus gedoen het en nie net van sy opstanding nie. Deur te sê dat hulle getuies is, **gee dit gewig en oortuigingskrag aan sy verkondiging teenoor Cornelius**. Waarvan Petrus vertel, het hy self gesien.

Aangaande Jesus het Petrus verkondig dat Jesus goed gedoen het aan mense. In besonder beklemtoon hy dat Jesus mense genees het wat onder die mag van die duiwel was. **Teenoor hierdie goeie werk van Jesus sê Petrus watter duiwelse ding die mense aan Jesus gedoen het**. Hulle het Hom aan 'n kruishout opgehang.

Dit is duidelik dat Jesus nie almal genees het soos wat sommige mense uit vers 38 wil aflei nie. Daar is mense wat nie deur Hom van die duiwel se mag verlos is nie. Hulle het die duiwelse plan uitgevoer. Anders as teenoor die Jode spreek Petrus nie hier 'n beskuldigende woord uit soos teenoor die Jode nie. Die Jode was immers die voorbokke en aanstigters van die haat teen Jesus. Petrus beklemtoon ook die

wreedheid waarmee die vyande van Jesus teenoor Hom opgetree het. Vir Cornelius en die ander Romeine sou hulle die wreedheid van die teregstelling en redes agter so 'n teregstelling baie goed verstaan het.

**Teenoor die duiwelse manier van optrede teenoor Jesus het God Hom op die derde dag uit die dood opgewek.** Daarmee het God self bekend gemaak wat Hy van Jesus dink – Jesus is nie die oortreder en Godslasteraar wat mense van Hom gedink het nie, Hy is die een wat deur God gestuur is om te verlos en Hy sal weer kom om te oordeel. Dit gaan dus nie daaroor wat mense van Jesus dink wat jou opinie oor Hom moet beïnvloed nie. Dit gaan daaroor wat God die Vader, die Heilige Gees en Jesus self oor Hom openbaar wat 'n mens se opinie oor Hom moet bepaal.